# Bybelvasvra: Ek word genoem …

## 1. Geliefde man - Daniël

- Leidraad 1: Hy het drie keer op 'n dag gebid.
- Leidraad 2: Hy en sy drie vriende is uit hulle land weggeneem na Babel.
- Leidraad 3: Sy liefde vir God het hom in 'n leeukuil laat beland.
- Leidraad 4: Dan 10:11 / Dan 9:23 (1933 vertaling).

## 2. 'n Man na God se hart – Dawid

- Leidraad 1: Hy het eers sy pa se skape opgepas.
- Leidraad 3: Hy het 'n beer en 'n leeu verslaan.
- Leidraad 4: God het hom as jong seun as koning gesalf.
- Leidraad 4: Hy het 'n reus met 'n klippie en 'n slingervel doodgeslaan.
- Leidraad 5: Hand 13:22b

## 3. Vader van die geloof – Abraham

- Leidraad 1: God het hom beveel om na 'n vreemde land te trek.
- Leidraad 2: God het beloof om sy nageslag baie groot te maak.
- Leidraad 3: Hy was met sy halfsuster getroud gewees (Gen 20:12).
- Leidraad 4: Hy was 100 jaar oud toe sy seun gebore is.
- Leidraad 5: God het hom gevra om sy seun aan Hom te offer.
- Leidraad 6: Rom 4:16

## 4. God se vriend – Moses

- Leidraad 1: Hy het 'n Egiptenaar doodgeslaan.
- Leidraad 2: Hy het gehakkel.
- Leidraad 3: God het van aangesig tot aangesig met hom gepraat, soos met 'n vriend.
- Leidraad 4: Hy het die Israeliete uit Egipte gelei.
- Leidraad 5: God het baie wonders deur hom gedoen.
- Leidraad 6: Eks 33:11

## 5. Die dromer – Josef

- Leidraad 1: Hy het slegte stories oor sy broers by sy pa aangedra.
- Leidraad 2: Sy pa het hom die liefste van al sy kinders gehad.
- Leidraad 3: Sy broers het nie van hom gehou nie, en wou hom doodmaak.
- Leidraad 4: Sy boers het hom as 'n slaaf verkoop.
- Leidraad 5: Hy kon drome uitlê.

- Leidraad 6: Gen 37:19

## 6. Bedrieër – Jakob

- Leidraad 1: Hy was een van ‘n tweeling gewees.
- Leidraad 2: Hy het sy broer se hakskeen vasgehou toe hy gebore is.
- Leidraad 3: Hy het sy broer se eersgebore reg met ‘n sop lensiesop gekoop.
- Leidraad 4: Hy het sy pa bedrieg om sy broer se seën te kry.
- Leidraad 5: Hy het met ‘n engel gestoei.
- Leidraad 6: Gen 27:5-30

## 7. Dapper man – Gideon

- Leidraad 1: Hy het weggekruip toe ‘n engel aan hom verskyn en hom “dapper man” genoem het.
- Leidraad 2: Sy familie was die armste van sy stam gewees.
- Leidraad 3: Hy het God 2 keer vir ‘n teken gevra om seker te maak dis God wat met hom praat.
- Leidraad 4: God het ‘n groot oorwinning deur hom behaal met ‘n klein groepie mans.
- Leidraad 5: Hy was ‘n Rigter gewees.
- Leidraad 6: Rig 6:12

## 8. Twyfelaar – Tomas

- Leidraad 1: Hy was een van Jesus se 12 apostels gewees.
- Leidraad 2: Hy het nie geglo dat Jesus opgestaan het nie.
- Leidraad 3: Hy sou eers glo dat Jesus opgestaan het as hy sy hande in Jesus se wonde kon druk.
- Leidraad 4: Jesus het hom toegelaat om sy hande in sy wonde te druk.
- Leidraad 5: Joh 20:24-29

## 9. Rots – Petrus

Leidraad 1: Jesus het gesê dat Hy sy kerk op hom sou bou.
Leidraad 2: Hy het saam met Jesus op die water geloop.
Leidraad 3: Hy het Jesus drie keer verloën.
Leidraad 4: Matt 16:18

## 10. Verraaier – Judas

- Leidraad 1: Hy was een van Jesus se dissipels gewees.
- Leidraad 2: Hy het die beursie gedra.
- Leidraad 3: Hy het Jesus verraai.
- Leidraad 4: Matt 26:25